

GESAMENTLIKE MEDIAVERKLARING UITGEREIK OP 13 OKTOBER 2020 DEUR:

Afriforum, Agri NW, DA, SAAI, TLU SA en die VF Plus

HOFVERRIGTINGE POTCHEFSTROOM MOORDVERHOOR 13102020: SIAS WILLEMSE

Die vlag van sinnelose en wrede moorde wat die Noordwes Provinsie die afgelope maand in rou gedompel het, in 'n tyd waar wetteloosheid, misdaad en korrupsie aan die orde van die dag is, het frustrasie vlakke en geduld drempels van baie Suid-Afrikaners tot breekpunt gedryf. Die roekelose en ongegronde uitlatings van sekere politici, die naïewe en onnadenkende optrede van die gefrustreerde publiek, maar ook die kwaadwillige en doelbewuste aanhitsing deur grootpratere het die vlam baie naby die kruitvat gebring.

Die groeiende wetteloosheid, selektiewe en onregverdigte toepassing van sekere wette en diskriminerende vertolking van gekose wetgewing het Suid-Afrika en die groter meerderheid van gematigde, gebalanseerde Suid-Afrikaners geen ander keuse gelaat as om dit duidelik aan almal te maak dat breekpunt nou bereik is.

Dit is net nie meer goed genoeg of aanvaarbaar dat politici, ander leiers en bevelvoerders van wetstoepassers in 'n droomwêreld van ontkenning probeer agiteer dat daar nie fout is nie. Daar is groot fout met wetstoepassing in Suid-Afrika. Daar is groot fout met die wyse waarop wette soos aanhitsing tot geweld, kwaadwillige saakbeskadiging, betreding ensovoorts selektief toegepas word. Daar is groot fout as misdadigers wat vir die soveelste keer op borgtog is, weer moor. Daar is groot fout as die SAPD na ure, soms dae, eers reageer wanneer misdaad rapporteer word. Daar is groot fout wanneer die wetstoepassers die wetbrekers word. Daar is groot fout wanneer minder en minder misdadigers gevang en gevonnissen word. Daar is fout as sake maand vir maand uitgestel word net om later uitgegooi te word. **DAAR IS GROOT FOUT MET DIE TOEPASSING VAN DIE WET DEUR WETSTOEPASSERS IN SUID-AFRIKA!**

Ons as verskillende groepe, vanuit alle rasgroepe en vlakke van die samelewing, werksaam in die Noordwes Provinsie is vandag hier bymekaar om aan die Willemse – en Snyman familie simpatie te betuig maar ook om elke ander familie wat treur of steeds treur oor die verlies van 'n vermoorde geliefde se hand te kom vat. Dit kan net nie so aangaan nie! Dit STOP hier, ons as wetsgehoorsame burgers wat bydra tot die ekonomie van Suid-Afrika het die reg tot beskerming vanaf ons Regering, dit is ons grondwetlike reg en ons dring daarop aan.

Kom ons vra biddende en belydend ons Hemelse Vader om Sy Gees vaardig te maak oor ons land, om oplossings te gee en om aan ons leiers wysheid, geloof en deursettingsvermoë te gee om die regte besluite te neem. Maar ook om aan elkeen van ons hier vandag die moed te gee om te doen wat Hy van ons verwag.

ONS HET MEER AS GENOEG GEHAD!

Navrae:

Boeta du Toit, Uitvoerende Hoofbestuurder: Agri NW
082 388 1722